# Leeuwspoor Wildreservaat





Kom connect met God en ander terwyl jy saam kuier in die bosveld!

Jy gaan lekker kan swem in 'n opelug swembad of ontspan in 'n verhitte onderdak swembad. As jy fluks is, kan jy gaan stap tussen die wild, volleyball speel of die hindernisbaan uitprobeer.

Daar is ook 16:00 die Saterdag 'n opsionele wildrit teen R30 p.p.

Dit is noodsaaklik om nou reeds jou plek vir die rit te bespreek en gaan saam met jou kamp inskrywing gedoen word. Ongelukkig word GEEN privaat voertuie toegelaat vir wildkyk nie.



# Bespreek Nou



Kom maak Sondae 'n draai by die Steunpunt om jou plek te bespreek.

50% Nie-terugbetaalbare deposito word verlang om jou plek te bevestig.

Finale betalings moet teen 27 Augustus ontvang wees.

Ruimsig Gemeente ABSA
Tjekrekening: 405 312 8823.
Verwysing: 402 Voorletters & Van
Bv. 402 EX Sample

**STUUR BEWYS VAN BETALING NA info@ruimsig.com**

RUIMSIG GEMEENTE

# Kuierkamp

## 14-16 September

## 2018



# Kom Kuier Saam!

Die doel van hierdie naweek is om te kuier en mekaar beter te leer ken! Die informele program van die naweek is ingerig om hierdie doel te bereik!

Aangesien kuier rondom etes geskied, het ons gereël dat die kampterrein die Saterdag en Sondag se etes voorsien sodat almal lekker kan saam eet en kuier.

# Bekostigbare Naweek

Koste van die naweek = Etes per persoon + Verblyf vir die naweek + R30 per persoon Wildrit (opsioneel)

## Die etes is "cheap-cheap"

Vier etes teen R300 per persoon werk minder as R100 'n ete uit! Kinders jonger as 10 betaal slegs R150 vir die 4 etes en kinders onder 3 is gratis!

Vrydagaand is selfsorg. Daar sal vure wees om te braai. Saterdag word daar ontbyt, om 08:00, middagete, om 13:00, en aandete, om 18:00, voorsien. Sondag word daar brunch, om 10:00, voorsien.

## *Die verblyf is ook baie bekostigbaar!*

PRYSE IS PER EENHEID VIR DIE NAWEEK EN IS VIR MAKSIMUM 4 PERSONE.

*In geval van gesinne met 5 of 6 persone is daar addisionele kostes. Jonger as 12 @ R100 vir die naweek ekstra. Ouer as 12 @ R200 vir die naweek ekstra. Eie stretcher/opblaasmatras en eetgerei moet ook saamgebring word vir die ekstra persone.*

1. Kampeerplek @ R600
   *Karavaan- en tentstaanplek met kragprop*

2. Huisies
   *Badkamer en toegeruste kombuis met yskas, ketel, eetgerei vir 4 persone en konveksie-oond met stofie bo-op.*

   Opsie 1 @ R800
   *Dubbelbed & 2 stapelbeddens met stort*

   Opsie 2 @ R900
   *Dubbelbed & Loft met 2 enkelbeddens, stort en bad.*

   Opsie 3 @ R900 (2 slaapkamers)
   *Dubbelbed & 2 enkelbeddens met stort*

# Wat bring ek saam?

- Beddegoed
- Handdoeke *(vir swem en afdroog)*
- Eetgerei *(Huisies se glas eetgerei mag by eet-area gebruik word.)*
- Skottelgoedseep, lappies, ens. vir jou huisie (daar word warm seepwater na etes ook voorsien vir opwas)
- 1 of meer sakkies hout
- Eie drinkgoed
- Eie koffie en tee
- Eie snacks vir die naweek
- Gazebo as jy een het
- Kampstoel vir in die lapa as jy dit verkies. *(Huisies se plastiekstoele mag by lapa gebruik word.)*
- Swemklere
- Gemaklike skoene as jy wil stap.
- Muskietweerder